Laerskool Robertson Primary

Die Swaeltjie

25 JULIE 2025 | UITGAWE 20

Brons-oorwinning by die Aloe-beker!

TYDENS DIE AFGELOPE SKOOLVAKANSIE HET ONS SKOOL SE O/13A-NETBALSPAN AAN DIE ALOE-BEKERTOERNOOI DEELGENEEM – EN MET TROTS HET HULLE DIE BRONSMEDALJE LOSGESLAAN!

DIE SPAN HET MET TOEWYDING, SPANWERK EN UITSTEKENDE SPORTMANGEES GESPEEL. ONS IS OOK BAIE TROTS OM AAN TE KONDIG DAT AVA-LEIGH ABRAHAMS INGESLUIT IS IN DIE TOERNOOI SE GESOGTE "DROOMSPAN", EN DAT CARO DE WET AANGEWYS IS AS DIE "MEES WAARDEVOLLE SPELER" (MOST VALUABLE PLAYER) VAN DIE TOERNOOI – 'N ONGELOOFLIKE EER!

BAIE GELUK AAN ELKE SPELER EN BAIE DANKIE AAN DIE AFRIGTERS EN ONDERSTEUNERS WAT DIT SO SPESIAAL GEMAAK HET.

BAIE GELUK, MEISIES – JULLE HET ONS WERKLIK TROTS GEMAAK! 💙🌿

WELL DONE!

Netbaluitslae Aloe Cup

Poelwedstryde:

- Wen Plettenbergbaai 34-7
- Wen Jeffreysbaai 27-6
- Speel gelykop teen George-Suid 7-7
- Wen Paul Sauer 24-9
- Wen Gene Louw 13-9

Semi-finaal:

- Verloor 17-22 teen Outeniqua

Uitspeelrondte vir 3de en 4de plek:

- Wen Knysna 20-3

Naskoolse Aktiwiteite

- Gimnastiek + Karate + Hokkie - Maandae
- Drama + Netbal + Rugby - Dinsdae
- Hokkie - Woensdae
- Netbal + Rugby - Donderdae
- Robotika - Mnr. Eloff gee tye deur.

Belangrike Datums

J U L I E

Maandag 28

Netheidsinspeksie
Hokkie: 14:30-15:50 (o/13)
15:00-16:00 (o/10 & o/11)

Dinsdag 29

Rugby & Netbal vs Ruens College (B-spanne tuis)
Ander spanne oefen

Woensdag 30

Hokkie: 14:30-15:30
(o/10 - o/13)

Donderdag 31

Prefekte opleidingsessie
Rugby & Netbal vs Dagbreek (tuis)

Vrydag 1

Hokkie vs Worcester-Oos (tuis) o/10 - o/13

Saterdag 2

Rugby & Netbal vs Worcester-Oos (weg)
o/10 - o/13

Welkom, klein Olivia!

Baby Girl

Baie geluk, mamma!

Ons vier saam met Juffrou Nel die geboorte van haar pragtige dogtertjie, Olivia. ‘n Nuwe lewe, ‘n nuwe begin, en ‘n hart vol liefde.

Herwinning vir ’n Hoopvolle Toekoms

HIERDIE KWARTAAL FOKUS ONS AS SKOOL OP HERWINNING, NIE NET OM ONS OMGEWING SKOON TE HOU NIE, MAAR OM OOK BEWUSTHEID TE SKEP OOR HOE ONS DIE AARDE EN DIE DIERE KAN BESKERM. ONS GLO DAT ELKE KIND ’N VERSKIL KAN MAAK, EN DAAROM NEEM ONS AKTIEF DEEL AAN VERSKEIE HERWINNINGSPROJEKTE.

SAAM BOU ONS AAN ’N GROENER, GESONDER WÊRELD, EEN BOTTEL, EEN PAPIER EN EEN PROJEK OP ’N SLAG!

PK Uys vang groot vis

Ons is trots op PK Uys, wat opgeneem is in die O/13 WP Junior Varswaterhengelspan! Hy gaan ons provinsie met trots verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe wat in Desember plaasvind. Baie geluk, PK, ons wens jou alles van die beste toe vir hierdie opwindende mylpaal!

'n Skoon begin danksy ons ywerige helpers!

TERWYL DIE SKOOL STIL WAS GEDURENDE DIE VAKANSIE, HET ONS TOEGEWYDE PERSONEEL AGTER DIE SKERMS GESORG DAT ALLES BLINK EN GEREED IS VIR DIE NUWE KWARTAAL.

ONS SÊ BAIE DANKIE AAN TANNIE EVELYN, OOM KLAAS, OOM KERNEELS, OOM ALEX EN JAMAINE VIR HULLE HARDE WERK, TOEWYDING EN TROTS IN WAT HULLE DOEN.

DANKIE DAT JULLE ONS SKOOL 'N PLEK MAAK WAAROP ONS ALMAL TROTS KAN WEES.

THANK YOU!

Alèta vertel van die Aloe Cup!

Ons o/13A netbalspan het op 23 Junie na Jeffreysbaai vertrek vir die Aloe Cup Netbaltoernooi. Om die pad korter te maak, het ons by Tsitsikamma Segway gery. Dit was verskriklik lekker om saam met jou span so 'n aktiwiteit te doen.

Ons het elke oggend vroeg opgestaan om dan by die Spur te gaan eet.Ons het na ontbyt dadelik bane toe gegaan en gaan opwarm of ander spanne gemotiveer terwyl hulle speel. So het ons baie nuwe vriende gemaak.

Ons het dan wedstryde gespeel en vir middagete na McDonalds gegaan. Na middagete het ons nog wedstryde gespeel en na dit gastehuis toe gegaan. Ons het op die tweede laaste dag Milky Lane toe gegaan en na die Surf Shops toe.

Ons het baie goed gevaar en ek is baie trots op my span. Die toer was baie lekker en dit was baie goed vir die span, want dit het ons almal nader aan mekaar gebring. Dit is belangrik om jou spanmaats te vertrou, want elkeen bring hul eie unieke talente. Ons het as 'n span saamgewerk om ons doelwitte te bereik. Ons sou nie enige iets kon gedoen het sonder ons wonderlike afrigters nie.So het ons die bronsmedalje gewen.'n Eerste vir die Robbies en hopelik nie die laaste nie.

Deur Alèta Bruwer

ROLA

LAERSKOOL ROBERTSON GHOLFDAG
SAVE THE DATE
13 SEPTEMBER 2025
ROBERTSON GHOLFKLUB
BORG 'N BOF R1200
4-BAL R2500
BORG 'N BOF & 4-BAL R3500
4-BALL ALLIANCE
RIËTTE PEROLD VIR INSKRYWINGSVORMS
073 606 7682 / 023 626 3060
ADMIN@LSROBBIES.CO.ZA
DIE PRO-SHOP VIR DIE BESPREKING
VAN KARRETJIES 023 626 1090
HomeFires
ROLA Ford Robertson


ROBBIE REDDERS
Robbies
BE KIND
KEEP GOING

Robbies
SKOOLAANSOEK
ONTHOU DIE DATUM!
Graad 4 - 7 inskrywings vir 2026!
4 AUGUSTUS
Alle aansoeke word aanlyn voltooi.
VIR NAVRAE
Telefoon: 023 626 3060
E-pos: admin@lsrobbies.co.za


WITH JESUS
WE ALWAYS WIN
PRAISE THE LORD!
TEAM JESUS!

Julie!

1	Marinda du Plessis
2	Ava-Leigh Abrahams, Devon Kriel
3	Ziata Apollos, Avah Vermeulen, Eden Vermeulen, Mia Marais
4	Edmund Esterhuizen, Mnr. L.W Wessels
5	Daniël Kriel
6	Jakobus van Tonder
7	DC Blom
8	Ashtawynne Marcus
9	
10	
11	Faydin Oktober, Mason Daames, Pieter Wiid
12	Cullen Bowker, Victor vd Berg
13	Cilliers van As
14	Lara Beswick, Mev. V. Koortzen
15	
16	
17	Mèlan Bruwer, Ruan Bouwer
18	Kyla Harmse
19	
20	
21	Skhyethon-Rose Jacobs, Hadassah Marais
22	Raldon Jeneke
23	
24	Berné Gelderblom
25	
26	
27	
28	
29	Janu Lucas
30	Jaco De Wet, Mev. E. Kellermann
31	